higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAART (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 2

(9020012)

8 Maart 2018 (X-Vraestel)
9:00 – 12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die vrae volgens die nommering stelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woord in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

hondsdolheid; sosiale; tuberkulose; welstand; geskiedenis; lugbesoedeling; verstandelike; vektor-oordraagbare; immuniteitsgebrek; prions; wateroordraagbare

1.1.1 … gesondheid sluit emosionele en psigologiese welstand in.

1.1.2 … gesondheid word aangedui deur die vermoë om, tussen ander mense te wees en met hulle te kommunikeer sonder om bang te wees.

1.1.3 Familie mediese … mag genetiese faktore, wat individuele gesondheid beïnvloed, insluit.

1.1.4 … is 'n eksterne faktor wat gesondheid kan beïnvloed.

1.1.5 … is 'n toestand van balans.

1.1.6 Cholera is 'n voorbeeld van 'n … siekte.

1.1.7 … is aansteeklike proteïene.

1.1.8 … is 'n voorbeeld van 'n lugoordraagbare siekte.

1.1.9 Malaria is 'n … siekte.

1.1.10 Die menslike … virus word hoofsaaklik versprei deur seksuele kontak.

(10 × 1) (10)

1.2 Wat is 'n *infeksie*? (3)

1.3 Noem VYF komponente van gesondheid. (5 × 1) (5)

1.4 Wat kan jy doen om te voorkom dat jou infeksie na ander versprei as jy verkoue het? (4 × 1) (4)

1.5 Verduidelik hoe 'n fisies aktiewe leefstyl sal bydrae tot elk van die gesondheidskomponente en hoe dit goeie algehele gesondheid sal bevorder. (4 × 2) (8)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Definieer die volgende terme:

2.1.1 Gemeenskapsgesondheid

2.1.2 Gemeenskapswelstand

2.1.3 Epidemiologie

2.1.4 Voorvalle

2.1.5 Voorkoms

(5 × 2) (10)

2.2 Noem SES faktore wat jou in gevaar sal stel vir hoë bloeddruk. (6 × 1) (6)

2.3 Noem SES millennium-ontwikkelingsdoelwitte wat verwant is aan gesondheid en welstand. (6 × 1) (6)

2.4 Hoe is epidemiologie nuttig? (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE algemene tekens of simptome van depressie. (3 × 1) (3)

3.2 Noem DRIE komplikasies van swak diabetes beheer. (3 × 1) (3)

3.3 Verduidelik die verskil tussen Tipe 1 en Tipe 2 Diabetes. (2 × 2) (4)

3.4 Konstrueer en voltooi 'n tabel soos die onderstaande een en noem EEN relevante publieke gesondheidsingryping om elke uitdaging in die Suid-Afrikaanse publieke gesondheid sektor wat gelys is aan te spreek:

Uitdaging	**Ingryping**
Swak swangerskap en kindergesondheid.	
MIV	
TB	
Kroniese siekte	
Geweld	

(5 × 2) (10)

3.5 Identifiseer maniere waarop sosio-ekonomiese status die gesondheid van gemeenskappe kan beïnvloed. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 4

4.1 Kies 'n item/woord van KOLOM B wat by 'n verduideliking in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraag nommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Beïnvloed mees algemeen die longe	A	VBT
4.1.2	Die vermoë om infeksies af te weer is verlore	B	nie aansteeklik
4.1.3	'n Akute toestand	C	malaria
4.1.4	Oorgedra via 'n muskiet	D	DOTS
4.1.5	Simptoom van cholera	E	ernstige diarree
4.1.6	Latente TB infeksie	F	hartaanval
4.1.7	TB buite die longe	G	ARVs
4.1.8	Bevorder nakoming van TB behandeling	H	VIGS
4.1.9	Verhoog CD4 telling	I	TB
4.1.10	Sentrale voorkomingstrategie vir VIGS beheer	J	ekstra pulmonêre TB

(10 × 1) (10)

4.2 Noem VIER algemene tekens of simptome van TB. (4 × 1) (4)

4.3 Wat sal jou risiko verhoog om TB op te doen wat weerstand teen 'n teenmiddel opgebou het? (2 × 1) (2)

4.4 Wat kan gedoen word om cholera in hoë risiko gemeenskappe te voorkom? (4 × 1) (4)

4.5 As 'n gesondheidswerker, watter advies sal jy aan iemand gee wat onlangs met MIV gediagnoseer is? (5 × 2) (10)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Identifiseer die VYF mees algemene, nie aansteeklike, kroniese siektes uit die lys hier onder.

malaria; TB; vetsug; kanker; MIV/VIGS; depressie; hondsdolheid; hart en long siektes; diabetes; cholera

(5)

5.2 Wat is wanvoeding? (2)

5.3 Verduidelik die betekenis van die term *vetsug*. (2)

5.4 Noem die DRIE hoofkonvensionele behandelings van kanker. (3)

5.5 Noem VIER algemene risiko faktore vir nie-aansteeklike kroniese siektes. (4)

5.6 Watter leefstylaanpassings word aangeraai vir die beheer van kroniese hart- en longsiekte? (4 × 1) (4)

5.7 Maak 'n opsomming van moontlike redes vir wanvoeding in volwassenes. (5 × 2) (10)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou